

Tak aand gehou te Koos Kruger Skietbaan op 20-11-2019 om 18:00

1. Oom Daan open met gebed en Hendrik heet almal welkom.
2. Alle lede teenwoordig vul tablet in by Maryke. Dit reën baie lekker en almal skuif nader na vore.
3. Lief en Leed – geen waarvan ons bewus is nie.
4. Verskonings vir tak aande word nie gelog nie, die lys is langer as presensie lys.
5. Kongres, Hendrik deel ons mee dat die Sport Skiet kursus gaan verander en meer soos die vaardigheidsopleiding gaan wees en module gedrewe. Die opleier sal ook bepaal waste tipe vaardigheidsopleiding so 'n sportskut dalk mag kort. Ook sal 'n SS die modules doen wat van toepassing is op die spesifieke tipe wapen waarvoor hul die status benodig.
6. Finansies – Thomas het tydens die bestuursvergadering terugvoer gegee en is verskoon vir die tak aand. Hendrik deel ons mee dat ons R 40 000 in die bank het en geen skuld op die oomblik het nie. Tydens die skietkompetisie is 250 teikens geskiet en ons het R 30 000 ingevorder voor aftrekkings. Ons gaan die bruin tent op tender uitsit. Kommunikasie is al uitgestuur word. Daar is 'n reserwe prys.
7. Kalender – ons sal dit eersdaags uitgee ons wag vir datums van Pieter Langenhoven vir skietdae.
8. Noodhulp Kursus – Indien daar 6 lede is wie belangstel sal die kursus in die klubhuis aangebied word @ R950 per lid. Belangstellendes kan vir Hendrik kontak.
9. Vrydag 22-11-2019 se haelgeweer nagskiet en bring en braai is nog aan vir 18:00. Daar sal 'n blaas instrument wees om te bepaal of jy mag deelneem of nie. Indien dit weer reën of die baan nie genoegsaam afdroog nie sal daar wel Vrydag oggend kommunikasie uitgestuur word as ons dit afstel. Dit help nie ons foeter die pad en parker area op nie.
10. Opleiding en Trofee – Johan het datums opgestel. Dit mag dalk verander as ons presies weet hoe die module sisteem werk vir SS opleiding.
11. Skietdae – Pieter Papenfus wil weet hoe die log van die gebruik van die baan vir jou eie gebruik gedoen word. Mark verduidelik dat persone wie die Skietbaan bespreek en gebruik en die register invul voor hul die baan betree dit ook kan log op hul profiele. Dit word onder die hoof "Shooting Event Organised" gedoen. Dit tel dan ook vir toegewyde status. Mark is bekommerd dat ons dan nog minder lede by skietdae gaan kry. Hy vra dat lede moet asb. terugvoer aan bestuur gee oor die nut van gereelde skietdae en die noodsaaklikheid daarvan.
12. Admin – Hendrik lig ons in dat die dame wat bereid is om admin te behartig en om tablet te onderhou en te log Maryke Papenfus is. Hy gee haar selfoon nommer. Haar besonderhede sal op die webwerf wees. U kan die foto's van Posliga teikens vir haar stuur. Hou jou teikens by jou vir ingeval daar navrae is van HK of SAPS. (marykes@live.co.za & 0724435315) Daar is nog steeds 'n klomp lede wie nie hul toegewyde status gediens het nie. Posliga teikens se BO moet sy naam en lid no. op die teikens plaas waar hy teken. Maryke gaan nie onvolledige goed laai nie en ook nie vir die skuts of BO kontak nie. As jou goed nie gelaai is nie gaan soek die fout voor u haar kontak. SAJWV is verplig om die name deur te gee aan SAPS aan die einde van die jaar.

13. Hendrik is bekommerd oor die konsekwentheid van Baan Offisier wie sekere goed toelaat wat nie behoort toegelaat te word nie en dan veroorsaak dit konfrontasies met ander BO's. Esme meen ons moet hul bymekaar kry voor 'n skiet en dit deurgaen. Mark verduidelik dat dit die rede is waarom BO in die oggend verkieslik almal voor die skiet op die baan behoort te wees om dit te bespreek.
14. Emil vra oor die naamverandering wat op die bestuursvergadering se Agenda is wat hy geneem het. Hendrik verduidelik dat die geraas van reën op die dak en min lede teenwoordig dit nie eintlik sinvol sal wees om dit te bespreek nie. Die kort en die lank is dat die vreeslike detail op die embleem dit baie moeilik maak om dit in 'n klein vorm te borduur, veral op Hemde en Pette. Verder word daar baie verwys na die tak as die Boudkappers wat ook verskeie lede aanstoot gee. Dalk moet ons besin oor 'n ander naam of dalk 'n Rooikop Houtkapper gebruik op die embleem. Indien die lede besluit hul wil dit doen kan hul vir Hendrik e-pos. Voordat so 'n naamsverandering kan plaasvind sal 'n behoorlike voorlegging ook aan HK gedoen moet word en hul sal eers moet toestemming gee. As daar 'n voorstel is, moet dit ook vergesel word van die nodige kunswerk en 'n geborduurde voorbeeld.
15. Hendrik sluit af en ons vertrek gly-gly die baan uit.